# 2025 REGISTRASIE INLIGTING
## GENEESKUNDE EN GESONDHEIDSWETENSKAPPE

***Let wel:** Hierdie kennisgewing word aan alle 2025 FGGW geregistreerde studente en nuweling nagraadse gestuur. Ignoreer asseblief die kennisgewing as jy nie in 2026 na die US gaan terugkeer nie weens staking van studie, onderbreking van studies, akademiese uitsluiting of as jy jou kwalifikasie in 2025 suksesvol voltooi het.*

**INHOUD**


1. Algemene registrasienavrae: ... 2
2. Registrasie vir terugkerende voorgraadse studente en nuweling en terugkerende nagraadse studente gebaseer op die Tygerberg- en Stellenbosch-kampusse ... 2
   - OPSIE 1: Selfregistrasie aanlyn (slegs beskikbaar tot 5 Februarie 2026) ... 3
   - OPSIE 2: Geassisteerde registrasie (slegs beskikbaar tot 5 Februarie 2026) ... 4
3. Navrae oor registrasie vir die PhD-program ... 4
4. Voorafregistrasieklaring vir internasionale studente ... 5
5. Studentekaartnavrae ... 5
6. Studentegelde en rekeningnavrae ... 5
7. Finansiële hulp aan studente by die Tygerberg-kampus: ... 7
   - 7.1 Voorgraadse finansiële bystand en beursnavrae ... 7
   - 7.2 NSFAS-toelaes* ... 7
   - 7.3 Toelaes vir beurse van private skenkers en provinsiale departemente vir voorgraadse studente ... 7
   - 7.4 Nagraadse finansiële bystand en beurssake ... 8
8. Versoeke vir akademiese rekords ... 8
9. Koshuisplasingsnavrae ... 8
10. Registrasie verantwoordelikhede en laat registrasie ... 8
11. Kontrolering van Registrasiebewys ... 9
12. Voldoening aan Module- en Programvereistes ... 9
13. Versoeke om studies te onderbreek, modules of studies te staak ... 9
   - 13.1 Onderbreking van Studie: Voorgraadse en Nagraadse Studies ... 9
   - 13.2 Staking van modules na vroeë assessering ... 10
   - 13.3 Staking van Studies ... 10

14. Hertoelating-appèlaansoekproses in Januarie ........ 10
15. Inentings ........ 11

## 1. Algemene registrasienavrae:

Vir inligting oor die Universiteit Stellenbosch se aanlyn registrasieproses sowel as die guiberuikersgids vir selfregistrasie, besoek asseblief die Universiteit se toegewyde registrasiewebwerf by https://www.su.ac.za/af/studente/registrasie-en-gelde

Vir enige Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) registrasieverwante navrae kan jy ons per e-pos kontak by fmhsregistration@sun.ac.za.

**Algemene datums – Tygerberg-kampus**

- **4 Desember 2025:** Begin van geassisteerde registrasie vir alle nuweling FGGW PhD-studente
- **5 Januarie 2026:** Begin van akademiese jaar en aanlyn- en geassisteerde registrasie vir terugkerende voorgraadse student en nuweling en terugkerende nagraadse studente van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW)
- **22 Januarie 2026:** Begin van ge-assisteerde registrasie vir nuweling voorgraadse studente
- **30 Januarie 2026:** Uitreiking en aktivering van studentekaarte op kampus vir nuweling FGGW voorgraadse studente.
- **3 Februarie 2026:** Sluitingsdatum vir registrasie van nuweling voorgraadse studente.
- **5 Februarie 2026:** Sluiting van registrasie vir alle studente (behalwe nuweling M- en D-studente).
- **9 Februarie 2026:** Aanvang van die akademiese jaar vir eerstejaar-voorgraadse studente.
- **20 Februarie 2026:** Laaste dag vir laat registrasie van voorgraadse en nagraadse studente (behalwe nuwe M-navorsing- en D-studente) met vooraf toestemming**.**
- **26 Maart 2026:** Laaste dag vir eerste semester registrasie vir nuweling M-navorsing en D-studente.

## 2. Registrasie vir terugkerende voorgraadse studente en nuweling en terugkerende nagraadse studente gebaseer op die Tygerberg- en Stellenbosch-kampusse

2.1 Die verantwoordelikheid rus op elke student op om **elke jaar te registreer.** As 'n terugkerende studente moet jy verseker dat jy in aanmerking kom om vir die 2026 akademiese jaar te herregistreer voordat jy probeer om te herregistreer.

2.2 Studente kwalifiseer om te herregistreer indien:
2.2.1 Jou 2025 studiegelde studiegelde is betaal.
2.2.2 Internasionale studente: Jy het die voorafregistrasieklaring vir internasionale studente voltooi en jou 2025 studiegelde en 2026 studiegelde is betaal.
2.2.3 Jy voldoen aan jou program se voortsettingsvereistes en jy het nie die maksimum tyd wat in die program toegelaat word, oorskry nie. Sien die FGGW Jaarboek (Deel 12) vir die relevante reels.

2.3 Indien jy uitstaande 2025-fooie het sal jy nie toegelaat word om te registreer nie (behalwe vir kwalifiserende beurs-ontvangers).

2.3.1 Voorgraadse studente moet eers met die personeel in die betrokke Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings (CUBL)-kantoor in hierdie verband konsulteer (kontakbesonderhede hieronder gelys)

2.3.2 Nagraadse studente moet eers met die personeel in die nagraadse ondersteuningskantoor in hierdie verband konsulteer (kontakbesonderhede hieronder gelys)

2.4 As jy nie hierdie registrasie datum kan haal nie, moet jy voor 5 Februarie met die onderstaande personeel in die Sentrum vir Akademiese-administrasie skakel en jy het tot 20 Februarie om laat te registreer, mits die relevant programleier die laatregistrasie goedkeur.


2.4.1 Let wel 'n laat regisrasiefooi van R 1 000 sal gehef word na 5 Februarie. Hierdie fooi sal kwytgeskeld word vir terugkerende studente wat bewyse het dat hulle finansiële beperkings in die gesig staar of wat goed gedokumenteerde en redelike bewyse vir hul vertraagde registrasie kan verskaf wat buite hul beheer is.

2.5 **Registrasie Opsies**

Daar is twee (2) opsies beskikbaar vir jou om amptelik as 'n voorgraadse of nagraadse student van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe te registreer.

### OPSIE 1: Selfregistrasie aanlyn (slegs beskikbaar tot 5 Februarie 2026)

Die meeste studente kan aanlyn registreer en word aangemoedig om via ons aanlyn registrasieportaal on SUNStudent te registreer.




- Selfregistrasie kan gedoen word vanaf enige toestel wat die "desktop view" kan gebruik met toegang tot die internet via die SUNStudent portaal tot **5 Februarie 2026.**
- 'n Hoe-om-te-registreer riglynvideo oor kan verkry word op die toegewyde registrasiewebwerf.

**Die volgende studente <u>sal nie toegang tot selfregistrasie hê nie:</u>**

- Studente wat een of meer toelatingsbewysdokumente uitstaande het (bv. Matrikulasievrystellingsertifikaat, advies van uitslae of na-matrikulasiebewyse van toelaatbaarheid)
- Studente wie se hertoelating tot die Universiteit nie in orde is nie.
- Studente wie se Studentegelderekening by die Universiteit agterstallig is (debiteure) (indien die Studentegelderekening en eerste paaiement van registrasie ten volle betaal is en deur die Studentegeldeafdeling vasgelê word) en die student aan alle ander vereistes vir selfregistrasie voldoen , sal hulle self kan registreer. Sien asseblief die onderstaande deel rakende Studentegelde hieronder.
- Nagraadse nuwelingstudente, wat vir nagraadse programme aanvaar is en vir die eerste keer in 2026 vir daardie programme registreer.
- Studente wat vir spesiale programme of as 'n spesiale student registreer.
- Studente wat modules moet herhaal
- Studente wie se kurrikulum aangepas is as gevolg van 'n goedgekeurde toegewing.

**OPSIE 2: Geassisteerde registrasie (slegs beskikbaar tot 5 Februarie 2026)**

Geassisteerde e-posregistrasie kan gedoen word tot 5 Februarie 2026 (uitgesluit nuweling M-navorsing en D-studente wat tot 26 Maart 2026 mag registreer)

- Voltooi die registrasievorm, hier en heg dit aan jou registrasieversoek per epos aan: fmhsregistration@sun.ac.za.

Geassisteerde registrasie op kampus kan gedoen word tot 5 Februarie 2026 (uitgesluit nuweling M-navorsing en D-studente wat tot 26 Maart 2026 mag registreer)

- Die volgende personeel is beskikbaar om te help met op-kampus registrasie

| Personeellid | E-pos | Telefoon nr. |
|---|---|---|
| **Tygerberg-kampus** | | |
| Mnr Bernard Makhotla | fmhsregistration@sun.ac.za | Kamer 1058, 1ste Vloer Kliniese Gebou |
| Mev Nobukho Njemla-Klaas | | |
| Mev Megan Jantjies, | | Kamer 1059, 1ste Vloer Kliniese Gebou |
| **Stellenbosch-kampus** | | |
| Me Jamie-Lee Fredericks | fmhsregistration@sun.ac.za | Kamer 2004, 2de Vloer, Inorganiese Chemiegebou |

## 3. Navrae oor registrasie vir die PhD-program

Die onus berus op elke student, insluitend 'n PhD-student, om **elke jaar te registreer**. Jy moet die stappe volg soos uiteengesit in opsie 2 hierbo om jou registrasie te verwerk:

3.1 Nuweling PhD-studente wat vir die eerste keer tot die PhD-program toegelaat is, moet die Tygerberg Doktorale Kantoor kontak (e-pos: tyg-phd@sun.ac.za of 021 938 9813) voordat jy registreer.

3.2 Terugkerende PhD-studente moet verseker dat jy in aanmerking kom om vir die 2026 akademiese jaar te herregistreer voordat jy probeer om te herregistreer. Jy kwalifiseer om te herregistreer indien:

3.2.1 Jou 2025 studiegelde studiegelde is betaal.

3.2.2 Internasionale studente: Jy het die voorafregistrasieklaring vir internasionale studente voltooi via die Tygerberg Internasionale Kantoor. Vir navrae epos: stimm@sun.ac.za; CC tyg-phd@sun.ac.za.

3.2.3 Jy het nie die maksimum tyd wat in die program toegelaat word, oorskry nie.

3.3 Indien jy as 'n nuwe of terugkerende PhD-student nie jou eie registrasie kan fasiliteer nie, moet jy die US skriftelike goedkeuring gee deur om 'n FGGW registrasievorm te voltooi om die US toe te laat om die registrasie namens jou te verwerk.

## 4. Voorafregistrasieklaring vir internasionale studente

4.1 Alle internasionale studente word vereis om 'n **gesertifiseerde** afskrif van stawende dokumentasie vir voorafregistrasieklaring te verskaf voordat hulle vir die akademiese program registreer. Jy moet die **gesertifiseerde** dokumentasie hier oplaai

4.2 **Die volgende dokumentasie moet per opgelaai word om voorafregistrasieklaring te verkry:**

- 4.2.1 Bewys van geldige paspoort (gesertifiseer);
- 4.2.2 Bewys van geldige studievisum (gesertifiseer, indien van toepassing);
- 4.2.3 Bewys van Suid-Afrikaanse mediese dekking (indien van toepassing); en
- 4.2.4 Bewys van betaling of beursbrief.

4.3 **'n E-poskennisgewing sal aan jou teruggestuur word om te bevestig dat voorafregistrasie afgehandel is en jy kan dan verder voortgaan met die registrasieproses.**

## 5. Studentekaartnavrae

Alle nuwe studente moet 'n studentekaart kry na registrasie. Jy sal jou studentekaart vir verskeie doeleindes benodig, so, dra dit altyd saam met jou terwyl jy op kampus is. Jou kaart sal aan jou uitgereik word as deel van jou program se oriëntering op kampus.

As jy 'n terugkerende student is en steeds jou studentekaart besit, hoef jy dit nie te heraktiveer nie. Die kaart sal outomaties geheraktiveer word met jou registrasie vir die 2026 akademiese jaar en vereffening van enige uitstaande fooie van vorige jare.

**Tygerberg-kampus:**
Me Lesanne Matthee (e-pos: lm@sun.ac.za) en mnr Abraham Hartzenberg (e-pos: abrahamh@sun.ac.za): Studentegeldetoonbank, 1ste vloer, Kliniese Gebou, 021 938 9208/ 9080

## 6. Studentegelde en rekeningnavrae

6.1 Alle Studentegelde/studenterekeningverwante navrae moet aan die Studentegelde-afdeling gerig word.

- 6.1.1 E-pos: Me Lésanne Matthee (lm@sun.ac.za) of vind inligting via die volgende webwerwe:
- 6.1.2 Studentegelde Jaarboek
- 6.1.3 Studiegelde | Universiteit Stellenbosch
- 6.1.4 US Beurse-en Lenings

6.2 **Suid-Afrikaanse en internasionale studente met geldige permanente verblyf in Suid-Afrika en internasionale studente met vlugtelingstatus:**

- 7.2.1 Die gelde betaalbaar teen die einde van Februarie is soos per die tabel onder en, indien van toepassing, die eerste paaiement van Koshuisfooie (etes uitgesluit).

| | Voorgraads | Nagraads | Diploma |
|---|---|---|---|
| **Eerste paaiement van Studiegeld** | 20 % van Totale studiegelde | 20 % van Totale studiegelde | 20 % van Totale studiegelde |
| **Plus: (Indien van toepassing)** | | | |
| **Eerste paaiement van Koshuisfooie** | R 5 100 | R 5 100 | R 5 100 |

6.2.1 Die gelde betaalbaar moet as volg gemaak word:

| DATUM | % VAN TOTALE GELDE BETAALBAAR | % BETAALBAAR VIR DEBIETORDER |
|---|---|---|
| 28 Februarie | 20 | 10 |
| 31 Maart | 20 | 10 |
| 30 April | 20 | 10 |
| 31 Mei | 20 | 10 |
| 30 Junie | 5 | 10 |
| 31 Julie | 5 | 10 |
| 31 Augustus | 5 | 10 |
| 30 September | 5 | 10 |
| 31 October | - | 10 |
| 30 November | - | 10 |

6.3 **Internasionale studente**

6.3.1 Hierdie bedrae is nie van toepassing op internasionale studente nie, uitgesonderd internasionale studente met geldige permanente verblyfreg in Suid-Afrika en internasionale studente met vlugtelingstatus - **klik hier** om na Stellenbosch Universiteit Internasionaal se webtuiste geneem te word.

6.3.2 Alle Internasionale studente, insluitend Namibiërs, moet hul volle studiegelde teen die datum van registrasie vereffen.

6.3.3 Internasionale studente, wat van Universiteitskoshuise gebruik maak moet ten minste R25 000 van die koshuisgelde en ten minste R15 000 van die toelaatbare etekwota vir die jaar vir plasing op die rekening met registrasie betaal (indien in 'n US-koshuis geplaas wat etes verskaf).

6.4 Alle agterstallige bedrae van 'n vorige jaar moet vereffen wees voordat jy vir 'n volgende jaar mag registreer.

6.5 **Klik hier** vir verdere inligting oor 2026-gelde.

# 7. Finansiële hulp aan studente by die Tygerberg-kampus:

Ons is deeglik bewus van die finansiële druk waaronder Suid-Afrikaanse huishoudings vir Studentegelde moet voorsien. Ons streef dus steeds daarna uit om finansieel behoeftige studente wat akademies verdienstelik is, sover moontlik by te staan. Vergewis jou asseblief van die verskillende kategorieë en vorme van finansiële bystand wat beskikbaar is.

## 7.1 Voorgraadse finansiële bystand en beursnavrae

7.1.1 Navrae kan na die Tygerberg-kampus se Voorgraadse Beurse- en Leningskantoor verwys word tygbursaries@sun.ac.za as jy 'n voorgraadse student is.

7.1.2 Afsprake om personeel te raadpleeg kan geskeduleer word via Microsoft Teams of telefonies, die kontakbesonderhede van die personeel is soos volg:

7.1.2.1 Me Rochelle Sylvester, 021 938 9129, sylvester@sun.ac.za

7.1.2.2 Me Colleen Coetzee, 021 938 9458, colleenc@sun.ac.za.

7.1.3 Afsprake om met personeel op kampus te konsulteer is ook beskikbaar, kontak asseblief die bogenoemde personeel om 'n afspraak te maak vir 'n konsultasie op die kampus.

## 7.2 NSFAS-toelaes*

*Die onderstaande inligting is korrek ten tyde van publikasie, maar kan op kort kennisgewing verander afhangend van enige verandering wat NSFAS amptelik kommunikeer

7.2.1 Die tydlyne en besonderhede van toelaagbetalings vir NSFAS-studente sal gekommunikeer word sodra inligting van NSFAS ontvang is, Die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings sal kommunikasie aan alle NSFAS-befondsde studente stuur.

7.2.2 Vir inligting oor NSFAS van die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings: klik hier

7.2.3 Alle NSFAS-verwante navrae moet by die Studentefinansies Dienstoonbank aangeteken word, kies die "Voorgraadse Beurse"-oortjie en kies die "NSFAS-navrae-opsie"

**LET WEL:** Alle toelaes sal via die Intellimali-stelsel verwerk word.

## 7.3 Toelaes vir beurse van private skenkers en provinsiale departemente vir voorgraadse studente

7.3.1 Afsprake om personeel te raadpleeg kan via Microsoft Teams geskeduleer word, die kontakbesonderhede van die personeel is soos volg:

7.3.1.1 Me Rochelle Sylvester, 021 938 9129, sylvester@sun.ac.za

7.3.1.2 Me Colleen Coetzee, 021 938 9458, colleenc@sun.ac.za.

7.3.2 Afsprake om met personeel op kampus te konsulteer is ook beskikbaar, kontak asseblief die bogenoemde personeel om 'n afspraak te maak vir 'n konsultasie op die kampus.

7.3.3 Toelaes en beurskodering kan slegs plaasvind wanneer ons 'n beloftebrief (bevestiging van befondsing vir 2026) van die borg ontvang het.

7.3.3.1 Studente kan hul beloftebriewe e-pos aan die bogenoemde personeellede of na tygbursaries@sun.ac.za

**LET WEL:** Alle toelaes sal via die Intellimali-stelsel verwerk word.

7.4 **Nagraadse finansiële bystand en beurssake**

7.4.1 Vir algemene navrae en departementele beurse, kontak asseblief mnr. Jongisizwe Ndlebe by postgradfunding@sun.ac.za.

7.4.2 Nagraadse studente wat deur Institusionele, NNS- (NRF) of WNNR- (CSIR) befondsing gesteun word, kan die betrokke beurskoördineerders kontak om 'n voorskot op hul befondsing aan te vra om basiese lewenskostes te dek terwyl hulle wag vir die uitbetaling van hul beurs.

7.4.3 Vir verdere inligting, besoek asseblief die Nagraadse Befondsingskantoor se FAQ-blad: klik hier.

7.4.4 Bevestiging van befondsing van eksterne borge kan per e-pos gestuur word aan Juanita van den Berg by juanitavdb@sun.ac.za

Vir dringende sake, kontak asseblief die Hoof: Nagraadse Befondsingskantoor, me. Rozelle Petersen, by rnp@sun.ac.za.

## 8. Versoeke vir akademiese rekords

Versoeke vir akademiese rekords en/of amptelike dokumente kan ingedien word soos hieronder aangedui:

8.1 Studentekords by records@sun.ac.za vir die volgende dokumente:

8.1.1 Akademiese rekord/ transkripsie wat 'n gedragsertifikaat en 'n verklaring van die medium van onderrig insluit

8.1.2 Heruitreiking van die graad/diplomasertifikaat

8.1.3 Bewys van registrasie (datum gestempel)

8.2 Pasgemaakte medium van onderrig verklaring vir die FGGW: fmhsregistration@sun.ac.za

8.3 Visumverklaring vir FGGW studente: fmhsregistration@sun.ac.za

## 9. Koshuisplasingsnavrae

Navrae oor koshuisplasing vir voorgraadse studente by die Tygerbergkampus kan na me Annelie Scholtz verwys word by amscholtz@sun.ac.za of 021 938 9378 of besoek:

- Koshuisinligting
- Privaat verblyf:
    - www.digsconnect.com / www.thedigs.co.za (e-pos: info@thedigs.co.za)

Vir navrae oor koshuisplasing op die Stellenbosch-kampus kontak info@sun.ac.za of 021 808 9111.

## 10. Registrasie verantwoordelikhede en laat registrasie

10.1 FGGW-studente wat in 2026 weer moet registreer (studente wat in 2025 geregistreer was en akademies geregtig is om te herregistreer) en wat versuim om teen die toepaslike registrasiedatum te registreer, moet met die Fakulteitsadministrateur, me. Megan Jantjies (e-pos: mjantjies@sun.ac.za), reel om laat te registreer. Die volgende is van toepassing op studente wat **nie** teen 20 Februarie 2026 'n laat registrasie versoek nie (behalwe vir nuweling M-navorsing en PhD-studente, wat tot 26 Maart tyd het):

10.1.1 Hul studies sal as gestaak beskou word totdat die student by die betrokke programkomitee aansoek doen om herregistrasie én goedkeuring ontvang.

10.1.2 Die besluit om die student toe te laat om hul studies te hervat, sal afhang van die student se motivering (met ondersteunende bewyse) om na die program terug te keer, of die student akademies geregtig is om terug te keer, en of die program die student op daardie laat stadium vir die 2026-akademiese jaar kan akkommodeer.

## 11. Kontrolering van Registrasiebewys

11.1 Die onus rus op elke student om, sodra die bewys van registrasie wat hulle program en modules vir die jaar bevat, by registrasie aan hulle oorhandig word, dit te kontroleer om seker te maak dat:

11.1.1 die program korrek is;

11.1.2 al die modules wat in die betrokke jaar gevolg gaan word, daarop verskyn; en

11.1.3 dat dit die korrekte module(s) is, d.w.s. nie bv. 122 as dit 112 moet wees nie, ens.

11.2 Indien foute voorkom, moet dit vóór of op **Vrydag, 20 Februarie 2026** by die Fakulteitsbeampte, Mnr Bernard Makhotla, kamer 1058, Kliniesegebou, Tygerberg-kampus, reggestel word, of by me Jamie-Lee Fredericks, kamer 2004, Inorganiese Chemiegebou, Stellenbosch-kampus .

## 12. Voldoening aan Module- en Programvereistes

Studente moet voor, tydens en na registrasie en ook aan die begin van die tweede semester seker maak dat hulle aan alle slaag-, voor- en newevereistes vir die betrokke modules wat hulle volg, voldoen, sowel as enige programspesifieke vereistes. Sien die FGGW Jaarboek (Deel 12) in hierdie verband.

## 13. Versoeke om studies te onderbreek, modules of studies te staak

### 13.1 Onderbreking van Studie: Voorgraadse en Nagraadse Studies

13.1.1 Die sluitingsdatum vir alle programme om versoeke vir onderbreking vir 'n volle jaar in te dien is 30 April 2025. Vind die aansoekvorm vir onderbreking van studie hier.

13.1.2 Alle navrae rakende die aansoekproses vir onderbreking van studie vir die 2025 akademiese jaar kan aan die Fakulteitsadministrateur, me Megan Jantjies (e-pos: mjantjies@sun.ac.za), Sentrum vir Akademiese Administrasie, 1ste Vloer Kliniese Gebou gestuur word. .

13.1.3 Jy moet by die betrokke voorgraadse programkomitee (VPK) of nagraadse programkomitee (NPK) aansoek doen om jou studies te onderbreek volgens "ONDERBREKING VAN STUDIES" > "Prosedure vir aansoeke om toestemming tot 'n onderbreking van studie", in die US Algemene Jaarboek.

13.1.4 Jy mag slegs vir 'n tydperk van 'n volle akademiese jaar onderbreek. Korter onderbrekings moet as versoeke vir verlof tot afwesigheid hanteer word en jy en die akademiese omgewing moet die impak van die verlof op jou vermoë om die program in die vereiste tyd te voltooi oorweeg. Vind die aansoekvorm vir verlof tot afwesigheid hier.

13.1.5 Jy sal nie geregistreer wees vir daardie jaar waarin jou studie onderbreek word nie en jy sal nie toegang tot die studenteportaal hê vir die tydperk van onderbreking nie.

### 13.2 Staking van modules na vroeë assessering

13.2.1 Indien jy nie die eerste formele assesserings in 'n spesifieke module skryf nie of die nodige reëlings tref om sodanige toets later te skryf, sal jou registrasie vir die module deur die betrokke fakulteitsadministrateur gekanselleer word, op aanbeveling van die betrokke departement. Dit behels dat die betrokke module uit jou studenterekord verwyder sal word en dat jy slegs per e-pos van die deregistrasie in kennis gestel sal word.

13.2.2 Die sluitingsdatums vir sodanige deregistrasie is die laaste werksdag in Maart vir eerstesemester- en jaarmodules, en die laaste werksdag in Augustus vir tweedesemestermodules.

13.2.3 Departemente wat die reëling rakende deregistrasie van modules wil implementeer, moet kennis van hierdie deregistrasie in die moduleraamwerke/studiegidse van die betrokke modules skryf.

### 13.3 Staking van Studies

13.3.1 Studente moet die US formeel en skriftelik van jou staking inlig en jy moet jouself vergewis van die relevante kennisgewingsdatums en fooi-implikasies vir staking van studie soos uiteengesit in die Studentegelde Jaarboek (Deel 3).

13.3.2 Alle navrae oor die proses om studies te staak en stakingskennisgewings moet skriftelik gestuur word aan die Fakulteitsadministrateur (Tygerberg-kampus), me Megan Jantjies (e-pos: mjantjies@sun.ac.za), Sentrum vir Akademiese Administrasie, 1ste Vloer Kliniese gebou.

13.3.3 Jy moet die stakingsvorm wat hier beskikbaar is voltooi en dit aan me Megan Jantjies (e-pos: mjantjies@sun.ac.za) of na die Kliëntedienssentrum by info@sun.ac.za stuur voordat jou stakingsversoek sal verwerk word

13.3.4 Die datum van jou staking van studies is baie belangrik en moet verskaf word, aangesien dit bepaal in watter mate vrystelling van die betaling van studie- en verblyfgeld aan jou toegestaan kan word (sien Deel 3 (Studentegelde) van die Jaarboek vir meer inligting in hierdie verband), en aangesien dit ook 'n uitwerking op u toekomstige hertoelating kan hê (sien hieroor par. 9, Hertoelating na onsuksesvolle studies, vroeër in dieselfde hoofstuk).

13.3.5 Indien jou staking van studie weens 'n mediese rede is, moet 'n geldige mediese sertifikaat saam met die voltooide stakingsvorm ingedien word, aangesien dit jou hertoelating tot die Universiteit in 'n daaropvolgende jaar sal vergemaklik.

13.3.6 Indien jy nie jou stakingsvorm aan die korrekte amptenaar verskaf soos aan jou gekommunikeer of per e-pos aan info@sun.ac.za nie, sal jou staking nie verwerk word voordat jy dit suksesvol ingedien het nie.

## 14. Hertoelating-appèlaansoekproses in Januarie

Die onderstaande inligting is relevant vir studente wat geskeduleer is om 'n spesiale of aanvullende assessering in Januarie 2026 af te le.

14.1 Studente wat ná die spesiale of aanvullende assessering van Januarie 'n module sak, mag onder die volgende omstandighede nie aan die vereistes voldoen om met hul studies aan die Universiteit Stellenbosch vir 2026 voort te gaan nie.

14.1.1 Op grond van die modules wat jy gedruip het, het jy moontlik nie genoeg modulekrediete vir hertoelating tot die US te voldoen nie. Jy het óf versuim om 50% van die betrokke akademiese jaar se krediete te verwerf, OF jy het nie die vereiste 70% van opgehoopte krediete oor die totale historiese jare in die program behaal nie. (Sien die reëls vir hertoelating in Deel 1 [Algemeen] van die Universiteitsjaarboek onder die opskrif "Hertoelating na onsuksesvolle studies.");

**EN/OF**

14.1.2 Op grond van die modules wat jy vir die 2025 akademiese jaar sak het (na die Januarie-assesserings), voldoen jy nie meer aan die programspesifieke voortsettingskriteria nie en word jy dus akademies uitgesluit (sien kriteria vir promosie en eksamen/herregistrasie in die FGGW Jaarboek (Deel 12)).

14.2 As jy voel dat jy dalk die risiko loop van akademiese uitsluiting, kontak asseblief jou programkoördineerder om te dit te bevestig al dan nie.

14.3 Neem asseblief kennis dat **aansoeke om hertoelating vir die 2026 akademiese jaar** op **9 Januarie 2026 sluit** vir die Hertoelatingsappèlkomittee-vergadering op 23 Januarie 2026. Vind die relevante hertoelatingsaansoekhulpbronne op die US se Hertoelatingwebblad en by die skakels hieronder:

14.3.1 Hertoelating Aaansoekportaal gids

14.3.2 Hertoelatings aansoekvorm

14.3.3 Eksterne Geestesgesondheidspraktisyn se verslag

14.3.4 Motivering vir kursusverandering

14.4 Vir verdere navrae oor die hertoelating-appèlproses is jy welkom om 'n kampus-, telefoniese- of MS Teams-afspraak met Mnr Gift Nyirenda, die Senior Bestuurder: Akademiese Administrasie te maak (kontak op e-pos: fmhs_readmit@sun.ac.za of skakel: 021 938 9284 om 'n afspraak te skeduleer).

## 15. Inentings

15.1 Die volgende is kernaanbevelings vir studente in die FGW

Alle studente moet:

- die **noodsaaklike inentings ontvang**, verkieslik tydens inskrywing en vóór kliniese blootstelling.
- toegang hê tot leiding en voorligtingsmateriaal oor **inentingsaanbevelings.**
- 'n bygewerkte rekord van hul persoonlike **inentingsgeskiedenis** hou.

**INENTING-PRIORITEITSMATRIKS**

| Inenting | Prioriteit | Rasionaal vir aanbeveling | Aantekeninge |
|---|---|---|---|
| **Hepatitis B** | **Noodsaaklik** | Die voorkoms van Hepatitis B bly hoog in Afrika (6%). Gesondheidswerkers en studente loop 'n verhoogde risiko om hierdie ernstige, voorkombare siekte op te doen. | Dit kan meer koste-effektief wees om teenliggaamstatus te toets en slegs te ent indien die anti-HBs-vlak <10 IU/L is. |
| **Hepatitis A** | **Noodsaaklik** | Die blootstellingsrisiko vir Hepatitis A is hoog vir gesondheidswerkers en laboratoriumpersoneel. | Dit kan meer koste-effektief wees om teenliggaamstatus te |

| Inenting | Prioriteit | Rasionaal vir aanbeveling | Aantekeninge |
|---|---|---|---|
| | | Ongeveer 20% van volwassenes is nie-immuun en het 'n risiko om 'n ernstige, langdurige siekte te ontwikkel. | toets en slegs te ent indien nie-immuun. |
| **Masels/ Pampoentjies/ Rubella (MMR)** | **Noodsaaklik** | Gesondheidswetenskappe-studente loop 'n hoë risiko om hierdie entstof-voorkombare siektes op te doen. Immuniteit van maselentstof neem af in volwassenheid en vereis 'n hupstootdosis tydens uitbrekings. | Ook beskikbaar as 'n alleenstaande maselentstof of masels-rubella-entstof. |
| **Varicella (Waterpokkies)** | **Noodsaaklik** | Varicella is 'n uiters aansteeklike luggedraagde infeksie. Alle studente moet die varicella-entstof ontvang, tensy hulle definitiewe bewys het dat hulle reeds natuurlike infeksie gehad het. | Dit kan meer koste-effektief wees om teenliggaamstatus te toets en slegs te ent indien nie-immuun. |
| **TdaP (Tetanus, difterie, asellulêre kinkhoes)** | **Noodsaaklik** | Suid-Afrika ervaar herhalende uitbrekings van difterie en kinkhoes, wat die risiko van blootstelling en siekte vir gesondheidswerkers verhoog. | Ook beskikbaar as 'n 4-in-1 entstof wat tetanus, difterie, kinkhoes en polio dek. |
| **Griep (Influenza)** | **Sterk aanbeveel** | Gesondheidswerkers moet jaarliks die griepinenting ontvang om hulself, hul pasiënte en hul kollegas te beskerm. Inenting verminder virale oordrag, voorkom ernstige komplikasies by kwesbare pasiënte, beskerm hospitaalpersoneelvlakke en vervul die professionele "plig van sorg" om skade te voorkom. | Hierdie entstof word jaarliks vereis en moet toegedien word sodra dit beskikbaar is – gewoonlik tussen Maart en April. |
| **Meningo-kokkus** | **Sterk aanbeveel** | Gesondheidswetenskappe-studente in Suid-Afrika loop 'n verhoogde risiko vir meningokokkus-blootstelling en -oordrag weens jong ouderdom, noue kontak in koshuise en blootstelling in kliniese omgewings. Alhoewel die siekte-voorkoms laag is, is die gevolge verwoestend, met vinnige progressie na meningitis, septisemie en dood. Oorlewendes kan langtermyn gestremdhede hê soos doofheid, breinskade of ledemaatverlies. | 'n Vierwaardige entstof (MCV4) bied beskerming teen ongeveer 60–70% van die siekteveroorsakende serogroepe, terwyl die MenB-entstof serogroep B teiken, wat 30–40% van gevalle by adolessente en jong volwassenes veroorsaak. |

**-EINDE-**